Die Nes / *The Nest*

(East Coast Foundation : Non-profitable Organization)

Groete uit Die Nes, ons het so 'n bietjie van 'n minder goeie Mei-maand gehad. Die kossies wat ingekom het was bietjie min maar ons kon darem nog gelukkig al ons gesinne help. Die groter Organisasies wat ons ook elke week help, het nie so baie gekry nie.

Afgesien daarvan, is ons nogsteeds dankbaar vir dit wat ons wel gekry het. Een van die Spar takke het 'n nuwe sisteem begin en dit het dinge bietjie deurmekaar gekrap. Gelukkig is dit nou uitgesorteer en is ons weer goed op dreef.

Heidi en haar Span is besig met baie opbouende projekte. Hulle help mense met skool opvoeding en hoe om self groente te plant en hul Gemeenskap dan van vars groente te voorsien. Dis maar net om 'n paar dinge te noem. Ons is baie bevoorreg om van ons kant af ook 'n klein bydrae te kan lewer daar.

Die Nes voorsien hulle van klere en ook nou en dan 'n bederfie wanneer ons genoeg voorraad het. Ons beplan om een Sondag vir julle fotos te wys van hierdie projekte, sodat julle kan sien wat 'n groot verskil so projek in 'n Gemeenskap kan maak.

Ek wil weereens almal aanmoedig om iewers, waar jy gelei voel, betrokke te raak, dit maak nie net 'n verskil in iemand ander se lewe nie, maar dit maak werklik 'n groot verskil in mens se eie lewe.

Dankie weereens vir al die skenkings vanuit die Gemeente en baie dankie ook aan die Spar-takke. Sonder skenkings sal ons nie kan doen wat ons elke Maandag doen nie.

Nes-groete